

GEBED:

O Here, gee aan my die krag van 'n arend sodat ek kan sweef so ver soos u wind, die Heilige Gees, my waai. Ja, dat ek hoog bo die wolke kan sweef tot u eer.



Laat ek vir ander omgee, soos arende vir hul lewensmaat en kleintjies omgee.

Laat die arendlewe in my bruis sodat ek aan die brand vir U kan wees.

Dankie dat ek weet u liefde sal my dra.

Amen

LEEF JOU GELOOF



Borrel oor van liefde vir die Witkruisarend, Jesus Christus. Wys dit deur vir die petroljoggies by jul naaste vulstasie toebroodjies te neem, met 'n kaartjies daarby waarop die woorde van Jesaja 40:31 staan.

NET VIR OUERS



God het jou kinders met 'n arend-doel maak! Praat met jou kinders daaroor en help hulle om hul unieke Godgegewe self te wees.

ONS EN ARENDE

WEEK 7



BESTE EN SLEGSTE

Gee elkeen 'n kans om oor die beste en slegste oomblik van elkeen se dag te gesels.

WAAR HET JY JESUS VANDAG ONTMOET?

Gesels met mekaar oor waar elkeen vandag vir Jesus ontmoet het, of oor iets of iemand wat jou aan Hom laat dink het.



BYBEL

Lees: Deuteronomium 32:11-12; Jesaja 40:28-31



Die arend word dikwels in die Bybel as beeld gebruik. Psalm 103:5 en Jesaja 40:31 is maar enkele van die plekke in die Bybel waar dit gebruik word. Soos wat die goue arend - waaroor dit klaarblyklik hier gaan - verveer, word sy jeugdigheid telkens weer vernuwe soos Psalm 103 vir ons verduidelik. Die Bybel pas nie net die beeld toe op gelowiges nie, maar ook op God.

- * Hoe dink jy vlieg ons soos arende?
- * Watter ooreenkomste is daar tussen jou, wat jou hoop op God stel (sien Jesaja 40:31) en 'n voëltjie wat leer om te vlieg?
- * Op watter maniere leer God jou om te “vlieg”?



Arende is die konings en koninginne van voëls. Hulle slaan jou asem weg. Wat dink julle leer ons by hulle van geloof? Gelukkig is daar vir ons 'n belofte as ons die wêreld ingaan om ons Christenskap uit te leef: “Maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke . . .” (Jes.40:31, 1983-vertaling).

Onthou gerus die volgende aanhaling: “Om geloof te hê beteken om vlerke te besit” (J.M. Barrie). God wil groot dinge deur my en jou doen. Maar daar is 'n waarskuwing te midde van al die mooi dinge wat God oor jou arendlewe sê. Wetenskaplikes noem dit die wet van atrofie. Eenvoudig gestel beteken dit, gebruik dit of jy sal dit verloor. Die volstruis het verloor om sy vlerke te gebruik om mee te vlieg. Volstruise kan dus nie meer vlieg nie. Dieselfde geld vir gelowiges. Vlieg soos 'n arend anders pik jy netnou rond soos 'n hoender.

Daarom is dit goed om te onthou – jou arendstatus sê vir jou dat jy 'n *SSS-gelowige* is:

- **Sweef** soos 'n arend – met ander woorde wees anders, leef anders. Christene tree anders op omdat God deur hulle, die wêreld wil verander. Liefde en gasvryheid is die geskenke wat ons aan die wêreld uitdeel.
- **Sterk staan** in die Here. Ons kan dit nie alleen doen nie. Die Heilige Gees woon in ons. Daar is 'n krag wat binne-in ons is: dieselfde krag waarmee God vir Jesus uit die dood opgewek het. Sjoë, ons is oorwinnaars deur sy Gees in ons! Wenners blink juis uit in knellende tye. Dié wysheid is veral van toepassing op arend-christene.

- **Saamstaan.** Het jy geweet dat kroonarende lewenslank afpaar en mekaar bystaan. Dit is ook 'n kenmerk van gelowiges, reeds van die vroegste tye af – ons krag lê in saamstaan.

Skryf dit in jou hart: **Ek is 'n SSS-gelowige.**

Gelowiges sweef (is anders), staan sterk in die Here (is oorwinnaars) en staan saam (vorm 'n groot, hegte familie).

Daar was eenmaal 'n koning wat agtergekom het sy soldate is bang. Hy roep hulle toe bymekaar en sê vir hulle hy het 'n towermuntstuk met 'n arend aan die een kant en 'n beer aan die ander kant. As hy die muntstuk sou opskiet en die arend beland bo, dan sou hulle vir seker die veldslag wen. Hy skiet toe die muntstuk op en toe dit op die grond val, gaan lê dit met die arend na bo! Die soldate was so aangevuur daardeur, hulle hét die veldslag gewen! Eers na die tyd het die koning vir hulle gewys die muntstuk het aan albei kante 'n arend!
'n Christen se muntstuk het 'n leë graf aan albei kante – die simbool van Jesus se permanente oorwinning vir sy volgelinge! Leef altyd vanuit hierdie wete, want dit laat jou anders na die lewe kyk.



DOEN SAAM :

Span saam en maak 'n mooi plakkaat met die woorde van Jesaja 40:28-31 daarop. Gaan gee dit vir iemand anders soos 'n eensame bejaarde by die afree-oord. Leer as 'n gesin meer oor die gewoontes van arende. Julle kan dalk selfs eendag 'n arend-reservaat besoek.